

# Stabilis




GREY KOLLEGE / COLLEGE · BLOEMFONTEIN

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2007

Volume / Jaargang 42

Junie 2008

No/Nr 2



Kultuur

Fees by  
Affies  
groei  
jaarliks



Blady 9

Sport

Vlieghengel  
verg heelwat  
oefening en  
kennis

Blady 10



## Sangers swaai septer

Na 14 jaar gaan die Indomitus-sanggroep van krag tot krag



Die Indomitus-sanggroep is in 1994 gestig deur Charl du Plessis, vandag 'n bekende konsertpianis. Die rede vir die stigting van hierdie ensemble was die daarstelling van 'n platform waar Grey-seuns hul voorliefde vir sang kon uitleef. Met verloop van tyd het hulle Grey al by verskeie geleenthede verteenwoordig, waaronder die Affies-kultuurfees vroeër in die kwartaal.

Foto: Johann du Preez



Sport

Hokkie

Die Grey-hokkiespanne het die seisoen goed afgeskop met puik prestasies tydens toernooie in Johannesburg, Pretoria en Pietermaritzburg.

Blady 11



Sport

Seisoen  
toon  
belofte  
Blady 12



## Winkel open sy deure op skoolgronde

Aan die einde van die tweede kwartaal het 'n nuwe winkel sy deure op die skoolterrein geopen.

Die winkel, College Armour, word bedryf deur mnr. Spoed Smith en sal hom uitsluitlik op die verkoop van Grey-sportkleren en sporttoerusting toespits. Mnr. Smith is reeds vir verskeie jare by die skool betrokke en voorsien amptelike drag aan verskeie sportspanne.

Daar word verwag dat die daarstelling van 'n winkel op die skoolgronde dit makliker sal maak vir seuns en personeel om die nodige drag en toerusting te bekom.

## Fietsryer kry die kans van 'n leeftyd

Waldo van der Nest, in graad 11, is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die 2008 Olimpiese Jeugkamp.

Die besondere geleenthed vind plaas in Beijing, China, vanaf 6-26 Augustus. Aangesien hy egter eerder op sy akademiese werk wil konsentreer, het hy besluit om nie van die geleenthed gebruik te maak nie.

Die feit bly egter dat TSA (Triathlon South Africa) erkenning verleen het aan sy prestasies en dat daar in die toekoms van hom kennis geneem kan word.

Waldo het reeds by meer as een geleenthed sy staal gewys in fietsry, tweekamp en driekamp.

# Nommers op truie het gekom om te bly

## Tegniese ontleding en wedstryd-analise noodsak om verandering

Wimpie Greyvenstein

Vroeg in die tweede kwartaal, het mnr. Johan Volsteedt en mnr. Dries van der Wal besluit om 'n besigheid te nader wat rugby-wedstryde afneem en ontleed ten einde die spel te analiseer en moontlike verbeterings aan te beveel.

By Grey is dit 'n jare-lange tradisie dat die "First Team" die enigste rugbyspan met nommers op hul truie is. Ter wille van tegniese ontleding het die tweedespan, beter bekend as die "Cherries" en die o/16 A's ook deesdae nommers.

Hieroor was daar natuurlik baie te sê, want 'n Grey-tradisie word nie sommer verbreek nie, veral nie as dit 'n rugbytradisie is nie. Dié skuif hou natuurlik nie net nadele in nie. Volgens mnr Roelf Meyer, o/16 Afriger, is dit noodsaklik vir effektiewe wedstrydanalise en vind hulle as afrigers baie hierby baat.

Die ontleding toon die hoeveelheid "tackles", lynstane, aanslane, ens. wat tydens die wedstryd plaasgevind het. Na hul reuseoorwinning van 99-0 teen Selborne se vierdespan, kan 'n mens jouself die vraag afvra of hulle nie reeds die tegniese aspekte van die spel bemeester het nie. Volgens stoere rugby-ondersteuners maak dit die identifisering van spelers en die volg van die spel net soveel makliker.

Die blitsige en talentvolle nommer 13 is, vir dié wat nie weet nie, William Small-Smith. Hy gaan nog groot rugby speel. Die vraag is met watter nommer op sy rug? "Tradisie mag nooit ten koste van vooruitgang wees nie," wat ook die hoofrede vir die verandering is.



Die eerstespan is nie meer die enigste span met nommers op hul truie nie. Tog bly hulle die trots van die skool.

Foto: Johann du Preez

## Supporter of Grey College



**FNB**  
First National Bank

Proudly South African

**Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd**

**Supports Grey College Sport**

**Coca-Cola Fortune**

live on the Coke side of life

## Gee (Eskom) krag vir ons treine

Harry Vogel

"Is dit waar?! Gaan die treintoere moontlik gestop word? Hoe kan dit gebeur; wat gaan in Suid-Afrika aan?" Dit was die reaksie van die meerderheid Grey-seuns op gerugte dat daar 'n moontlikheid bestaan dat treintoere iets van die verlede is.

Die grootste rede vir hierdie probleem is blykbaar die tekort aan trekkrug (in die vorm van lokomotiewe). Die meeste van hierdie eenhede is betrokke by geskeduleerde treinroetes en die vervoer van steenkool na Eskom se kragstasies. Daar is egter geen tekort aan rytuie nie, maar rytuie sonder trekkrug gaan nêrens heen nie.

Grey het die afgelope kwartaal teen Maritzburg College, Paarl Boys High, Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria en Selborne (Oos-Londen) kragte gemeet op die terrein van sport en kultuur. Twee van hierdie toere (teen Paarl en Affies) was weg. Dit was dus nodig om met een of ander vorm van vervoer na dié bestemmings te reis.

Dit was onmoontlik om 'n trein na die Paarl gereël te kry en daar is uiteindelik met 14 busse na die Kaap getoer. Phil Grimbeek, 'n onder 16-rugbyspeler, sê: "Busry is werkelik ongemaklik, redelik duur, onveilig en dit is net nie dieselfde as treinry nie. Op 'n trein kan jy slaap, rustig met jou vriende gesels en geesbou."

Met die Affies-toer na Pretoria het die geluk darem gedraai en 'n trein was beskikbaar. Op die stasie het die eerste probleme egter al begin. Die trein se ampelike vertrektyd was 'stiptelik' negeuur, maar teen tienuur het die gefrusteerde personeel en seuns nog na die Bloemfonteinse perronne gestaar. Daar is boonop beraam dat die trein sesuur Saterdagoggend op Loftus-stasie sou wees. Dié wonderlike planne het ook nie gerealiseer nie. Die trein het eers om 5 minute oor 9 daar aangekom.

Die hele program vir die dag is toe aangeskuif na later tye - nie dat dit almal

gehelp het nie. Mnr. Pieter Wessels, afriger van die onder 14 A-rugbyspan, sê: "Ons was sowat 15 minute na aankoms op Loftus-stasie reeds op die veld. Daar was net tien minute tyd vir opwarming en die meeste seuns het sonder enige ontbyt op die veld gegaan. Dit het ons sonder twyfel benadeel." Ondanks al dié probleme was die onder 14 A's na 10 minute in die tweede helfte nog 12-7 voor.

Nietemin die slechte omstandighede het baie van die Grey-spanne goed gedoen. Nic Linde, wat vir die onder 16 C-rugbyspan speel, sê: "Treintoere is maar net iets anders. Die laatkommer was ongelukkig 'n bietjie van 'n anti-klimaks nadat ons so uitgesien het na die trein. Toere sonder trein is net nie volmaak nie!" Die heel eerste treintoer waarop Grey gegaan het was blykbaar in die 1960's na Queens College in Queenstown. Sedertdien is daar byna sonder onderbreking met die trein getoer.

Jurie Swart, onder 16 A-hokkiespeler, sê: "Daar is verskeie alternatiewe wat in die plek van treine vir toere oorweeg kan word, soos die gebruik van busse of selfs Mangovliegtuie. Ek dink egter die meeste ouens sal steeds verkies om trein te ry." Is ons nou aan die einde van die pad wat treintoere betref, of is daar darem hoop vir die toekoms?

Mnr. Johan Grobbelaar, sportorganisator van die skool, sê: "Daar is geen sprake dat interskole of ander toere gestop gaan word nie." Baie Grey-seuns wonder egter of hulle ooit weer met 'n trein sal toer. Mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, sê: "Ons moet die treintoere as 'n voorreg beskou en die trein, stasies en personeel met die nodige respek hanteer. Ek glo ons sal weer treine kry."

Volgens albei van hulle is dit steeds van uiterste belang dat die skool sal voortgaan om teen van die beste skole in die land mee te ding. Al sou dit nodig wees om met groot moeite vervoer te reël, moet dit maar gedoen word.



# Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam

*Theuns Jordaan skenk ses kitare na 'n jarelange verbintenis met die skool*

Nicolaas Pienaar

Theuns Jordaan, talentvolle musiekkunstenaar, het 'n groot geskenk aan Grey oorhandig aan die begin van die tweede

kwartaal, wat 'n groot bate vir die musiekpartement is. Hy het ses Yamaha kitare, vyf akoesties en een elektries, gegee as geskenk om Grey se musiek nog beter te maak.

"Dit is fantastiese kwaliteit kitare," het mej. Elsa Herbst van die musiekpartement gesê. Hierdie kitare word verhuur teen 'n minimale bedrag en enige seun het dus die geleentheid om kitaar te probeer sonder dat

sy ouers 'n kitaar hoef te koop. "Ek het die geleentheid gehad om saam met hom te werk in 2005. Hy het 'n groot hart wat regtig omgee vir ander mense," het mej. Herbst bygevoeg.

Theuns het ook Donderdag 'n optrede in die Reüniesaal gehad tydens saalbyeenkoms. "Persoonlik was dit vir my baie 'cool' dat hy nou huis besluit het om terug te kom Grey toe, na 3 jaar. Ek is 'n groot aanhanger van Theuns en sy musiek; dit was ook my eerste keer wat ek hom werklik gesien het vandat Grey in 2005 vir my nog net 'n droom was," het Basson Laas, Graad 10-leerder van Grey, gesê.

Theuns het 'n sage plekkie vir Grey ontwikkel en wil graag vir Grey-leerlinge ook die geleentheid bied om kitaar te kan speel sonder enige moeite en onnodige kostes.

"Ons het hom as jong kunstenaar aan die begin van sy loopbaan na Grey genooi vir 'n optrede en hy het 'n vriend van Grey geword," het mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, gesê. "Ons het iemand wat by die musiek kitaarlesse gee en die getalle styg baie," het mej. Herbst gesê.

Die belangstelling in kitaar speel het aansienlik gegroei, veral by die graad 10-jaargroep in die koshuis. "Ek geniet sy musiek, veral om die Afrikaanse musiek 'n hupstoot te gee en al meer mense daarna luister," het mnr. Volsteedt gesê.

Theuns Jordaan het sonder twyfel 'n baie goeie belegging gemaak in die toekoms van musiek by Grey. Die skool en musiekdepartement sal eendag die vrugte pluk van die saadjie wat hy geplant het.



*Theuns Jordaan het ses Yamaha-kitare aan die skool geskenk tydens 'n saalperiode wat spesiaal daarvoor gereël is. Vyf van dié kitare is akoesties en een elektries.*

Foto: Johann du Preez

## Ruiter behaal sy Groen en Goud

Paul Cloete

Grey Kollege kan spog met nog 'n leerder wat Groen en Goud verwerf het. Een van die skool se Graad 12-leerders, Alex van der Walt, het aan die einde van verlede jaar Proteakleure verwerf in Ruiterkuns.

Alex was lid van die Senior Protea Ruiterkunsspan wat teen 'n span van die VSA in Parys (Vrystaat) deelgeneem het. Hierdie span het dan ook die uitsonderlike prestasie behaal deur die Amerikaners vir die eerste keer in die geskiedenis te klop. Alex het van kleintyd af belang gestel in perde en neem al van 8-jarige ouderdom aktief aan perdesport deel. Hy is 'n gebore en getoë Bloemfonteiner en skryf sy sukses toe aan toewyding en liefde vir perdesport.

Hy oefen daagliks tuis, maar ry ook eenmaal per maand na Middelburg, waar sy afrigerter, George Borchards woon, om daar te gaan oefen met skouerde. Hy neem gereeld landswyd deel aan kompetisies, veral tydens skoue en het dan ook in 2006 die uitsonderlike prestasie behaal deur "Die Kampioen van Kampioene"-titel te verower tydens die Bloemskou. Hy het ook al op 'n

vorige geleentheid vir Suid-Afrika aan die Wêreldbekerkompetisie deelgeneem, en 4de individueel geeïndig. Alex beskryf die Ruiterkuns as "die vermoë van 'n ruiter om 'n perd foutloos deur 'n gegewe toets te neem, terwyl die ruiter ook konsentreer op sy houding en posisie in die saal." Indien hulle oorsee deelneem, mag hulle nie hulle eie perde saamneem nie, wat dit soms moeilik maak om te presteer, omdat die gehalte van perde in ander lande nie altyd na wense is nie.

Soos by enige ander sportsoort leer 'n mens hier ook om te verloor en te wen, veral as die onvoorspelbaarheid van 'n dier ook betrokke is. Dit alles maak die sportsoort baie interessant en 'n groot uitdaging. Ruiterkuns is 'n baie duur sportsoort om te beoefen. Goeie perde is baie duur en stallerings- en afragtingsfooie is ook baie hoog. Gelukkig het hulle die afgelope paar jaar baie goeie borge gekry wat baie gehelp het om van die uitgawes te dek.

Hy beskou sy grootste prestasie nog as die verowering van beide die driegang- en vyfgang-Kampioen van Kampioene op die Bloemskou in 2006.

## Tea and buns makes a welcome return

Francois Venter

An empty belly is the best cook. At long last all hostel boys has welcomed back the return of their beloved hostel buns after a lengthy absence.

The removal of this treat happened last year when a well-known old boy allegedly hit "Tannie Marie" with a bun on her back, resulting in the immediate removal of the buns. But dedicated demands and requests from some of the present generation of boarders effectively resulted in the return of their buns. Questions and statements such as, "Meneer, wanneer kry ons vir 'n slag bietjie buns?" and "Ons kan nie leer op 'n leë maag nie" from Johan Niehaus and Ormond

Butler (residents of Leith House) proved to be the decisive point in the return of their "koshuisbuns". Echoes of "Ons sê baie baie dankie" traveled throughout Hamilton Hall. As a child my family's menu consisted of two choices: take it or leave it. The latter seems to be of no choice for all hostel boys. All sorrows are less with bread. One thing is a fact. The belly rules the mind. Consequently all is good and well once again at the hostels. There is nothing better than to discuss all the happenings with friends while enjoying a hot bun and drinking tea. All of these issues have provided us with excellent food for thought. And although the saying continues, "Net een seun", long live hostel's "Tea and Buns!"



**HOBBIT**

BOUTIQUE HOTEL

ESTABLISHED 1993



### SPESIALE NAWEEKAANBOD

R500 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Nuwe eienaar:  
Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)  
TEL / FAX (051) 447 0663  
CELL 083 305 8434  
[hobbit@telkomsa.net](mailto:hobbit@telkomsa.net) · [www.hobbit.co.za](http://www.hobbit.co.za)

19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN



# Culture vulture should be allowed to feather nest

*Excellent track record shows that sport is not the only activity to receive support*

Bruno Schwalbach

Many think of Grey as a so-called sports school, where academics and culture follow far behind sports in terms of attention, dedication and support. Is this perception correct?

The track record for academic results of the school over the past years proves that this is definitely one of the top academic schools in the country. What about culture? Culture has a vague and wide definition, from traditions to the ethos. It refers to the way of life, philosophy, civilization or refinement. Perhaps this wide definition results in different interpretations and perceptions of what culture is.

If the definition is subjected to individual interpretation it will logically lead to individual opinions. Let us consider the facts. Grey prides itself on 12 cultural activities: Boereorkes, Choir, Debating, Drama, Ensemble, Grey Band, Gumboot Dancers, Indomitus, Marimbas, S.C.A, Stabilis and Voortrekkers. Each of these, in its own unique way, is thriving with enthusiasm and dedication. The results prove it. The Boereorkes, for example, is so successful that they have won many awards and even toured overseas. The Indomitus vocal ensemble has been performing excellently, nationally and internationally.

Our Debating Society has become one of the dominant teams in the SACEE league, and the success of the other activities is equally excellent. Can we do better? In a school where rugby is the number one sport, it is acceptable to be involved mainly in



On 26 September 1906, almost the entire school were involved in a production of Christopher Columbus, a play performed in a local theatre.

Photo: Archive

culture? Franco Swart, a talented pupil and musician who specialises in percussion, believes that not enough interest is shown by the boys. "Culture is often associated with

the more emotional, 'softer' side of boys and I think that that perception of emotion and sensitivity can also be masculine. We have a very good thing going here at Grey and boys

should make use of this." In his opinion, each group should have a specialised teacher. "It would be costly, but in the long run, it would be worth it," he says.

## Grobbies laat al die (trein)wiele rol

Petri Claassen

"Môre boytjies, die trein vertrek om..." - die woorde van mnr. Johan Grobbelaar Maandagoggende in die saal voor 'n interskool. Elke Grey-seun luister aandagtig na al die reëlings vir die naweek en gee dan 'n welverdiende applaus vir dié meneer.

Mnr. Grobbies, soos wat die Greyseuns hom ken, moes hierdie kwartaal taamlik tekere gaan om al die reëlings vir die Paarl-toer in orde te kry. Gelukkig het alles goed verloop, al moes die lang pad na die Kaap met busse aangedurf word.

Te danke aan hom en al die ander personeel was dit nog 'n suksesvolle toer vir Grey. Hy het vir 'n tydperk van weke, selfs maande, onverpoosd gepoog om 'n trein te reël na die Wes-Kaap, maar selfs hy het dit onmoontlik gevind om te veg teen die oormag van swak beplanning en onvermoë aan die kant van die betrokke owerhede.

Mnr. Johan Grobbelaar is die Buitemuurse Koördineerder by Grey Kollege en is dus verantwoordelik vir die organisering van al die buitemuurse aktiwiteite, beide sport en kultuur. Hy is veral betrokke by die organisering van toernooie en borgskappe. Sy betrokkenheid by 'n wye verskeidenheid van sport en kultuur vorm die fondament vir die sukses daarvan. Hy is jaarliks betrokke by skaak, tafeltennis, tennis, atletiek, sokker en rugby. Hy behartig ook die bemarking van Grey se fasiliteite.

Hy het in 1999 in sy huidige pos begin, maar was vanaf 1984-1992 'n onderwyser by Grey Kollege. In dié tyd was hy betrokke by

akademiese vakke ook, maar hy mis dit nie werklik nie. Daar is aan mnr. Johan Volsteed gevra of dit lekker is om saam met mnr. Grobbelaar te werk. Sy antwoord hierop is: "Ja, want hy is doelgerig, sy beplanning is duidelik en betyds en hy is dinamies."

Watter wenke is daar vir goeie beplanning? Volgens mnr. Grobbelaar is dit goeie dissipline, verantwoordelikheid en selfvertroue. "Ek geniet my werk baie. Ek hou daarvan om met mense te werk en dit veral by die beste instansie in die wêreld. Grey Kollege is my lewe." Dit is die woorde van mnr. Grobbies toe daar aan hom gevra is of hy sy werk geniet.

Volgens hom is een van die moeilikste goed wat hy tot dusver moes reël die opknapping van Grey Kollege se hoofrugbyveld, maar selfs dit kon hom nie onderkry nie en dit is nou pragtig.

Die sukses van interskole en toernooie by Grey Kollege is grootliks te danke aan

mnr. Grobbelaar se goede beplanning. Hy is van tyd tot tyd betrokke by perskonferensies, veral tot die voordeel van borge wat heelwat vir die skool doen. Verder skakel hy gereeld met die pers en het al goeie kontakte opgebou in die koerantwêreld.

Sy huidige kontrak verstryk aan die einde van 2011, maar hy kan daarna op 'n jaar-tot-jaar basis aanbly. Daarom is ons verseker van 'n goed georganiseerde 3 jaar en hopelik nog baie jare.

Sonder hom sal alles nie so glad verloop by die skool nie. Hierdie energieke meneer is inderdaad die olie wat alles glad laat loop by Grey.

## Grey scores with Hertz

Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations
- In SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to [www.greycollege.co.za](http://www.greycollege.co.za) and click on the Hertz logo or call 0861 600 136.  
Terms and conditions apply.

**Hertz**  
#1 in car rental worldwide

**cb ABSA**  
Studenteburo

**Vandag se skolier,  
môre se pionier.**

College Square, Zastronstraat, Bloemfontein  
Tel (051) 4482571/2, Faks (051) 4482578





# Challenges oblige our school to adapt or die

*Expectations necessitates the introduction of a wide variety of benefit programmes*

## Nico Venter

During recent periods of constant change and challenges, the adaptability of the Grey name again came under close scrutiny. This was a result of the rugby league matches being moved to weekdays instead of the usual matches taking place over weekends - mainly on Saturdays.

Though there may have been efforts to impede these changes it was compulsory to enforce these, set in place by the rugby organising committee. Adapted training sessions were planned to adjust to these changes. Mr. Dries van der Wal, coach of the first rugby side, states: "Although Grey doesn't participate in the Bloemfontein League, matches had to be moved to weekdays as there are simply not enough Saturdays for the matches to be played. These changes have a tiring effect on all the players and the fear of injury increases. Grey approaches each match as if it were to be the most difficult match of the season."

Certainly, these changes had little effect on the performances on all our teams. The first team required minimum fuss to overcome Jim Fouché High School 62-10 and then whitewashed Sentraal 50-0 on the main rugby field. The result was convincing victories for all teams.

The only matter of concern was that of recovery and optimum training in preparation for the rest of the matches that had to be played over weekends for the rest of the term. Equally as important as providing the optimal training stimulus is recovery, an area of great concern with the local matches being moved to weekdays and soon after, commencing our interschools over weekends.

Particularly in rugby which requires exceptional fitness and physical strength, smart and planned recovery is needed. Close attention needs to be paid to ensure there is adequate recovery after challenging rugby

matches.

For growth to occur in fitness it is necessary to provide the stimulus (swim, bike, run, strength training workouts) followed by a recovery period. If an athlete experiences chronic fatigue it is likely that unloading of training and proper recovery are not occurring.

Too often players believe that more is

better, which results in over-training or over-reaching. But thankfully Grey has the facilities such as the gym with an exceptional standard of quality, and sponsorships such as PVM providing the required supplements that will ensure the fastest recovery for all our athletes.

Consulting a sport psychologist is another beneficial programme which has

started at Grey where each sports team has the opportunity to consult the psychologist once a term. These supplementary sessions will ensure the most effective mental and physical recovery for all Grey athletes.

At the end of the day the "College" has the ability and required mentality to adapt to these changes. These characteristics are synonymous with the Grey way of life.



*The Grey College brand is synonymous with performance and outstanding results. The school has to adapt annually to keep up with new trends and developments.*

Photo: Johann du Preez

## Etiket vorm die basis van goeie gedrag vir 'n ware 'gentleman'

### Gerhard Nieuwoudt

Deur al die eeue heen was goeie etiket aan die orde van die dag. Jongmense is letterlik en figuurlik geskool in die kuns van goeie gedrag. Kyk 'n mens na vandag se jeug wonder jy soms of die jongers straks die goeie ou dae se gedragskodes oorboord gegooi het. Is dinge, soos om 'n netjiese voorkoms te hê, 'n deur vir 'n meisie oop te maak, 'n meisie te respekteer, ens. nog "cool" of is dit iets wat Oupa nog laas gedoen het?

Miskien het dit tyd geword dat die reëls oor goeie etiket by ons skole as 'n vak aangebied word. Terwyl die jongmense ingelig word oor die gevare van MIV-Vigs ens. is dit dalk 'n goeie idee om hulle terselfdertyd ook in te lig oor goeie maniere teenoor 'n medemens, selfrespek en netheid. Dit sal beslis bydra tot 'n goeie toekoms vir die jeug van vandag.

By 'n skool soos Grey Kollege in Bloemfontein word daar na die leerlinge as 'Grey Gentlemen' verwys. By hierdie skool word Grey-etiket deur die Grey-seuns aan

mekaar oorgedra. Gaan jy na 'n "Grey Ball" is dit duidelik dat galanterie bydra tot die sukses van die aand. Hierdie seuns weet beslis hoe om 'n meisie soos 'n dame te behandel. Ry jy by Grey Kollege se sekke in, word jy gegroet deur elke seun waarby jy verby ry. Soos een man sal die Grey-seuns hulp aanbied as iets gedra moet word of as jy nie seker is waar die kantoor of klaskamer is wat jy soek nie. Dis duidelik dat 'n 'Grey Gentleman' nie net goeie gedrag teenoor 'n meisie openbaar nie, maar ook teenoor sy medemens.

Soos baie van die "ouer" garde, voel mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, dat dit 'n goeie idee is om "etiket" by 'n vak soos Lewensoriëntering in te sluit. Gedrag, vriendelikheid, hoflikheid, taalgebruik, netheid en selfs tafelmaniere is van die aspekte wat behandel kan word.

As daar selfs by 'n 'Grey Gentleman' plek is vir verbetering, is dit 'n bewys dat goeie gedrag nie beperk kan word nie. Elke mens behoort daarna te streef om 'n beter, vriendeliker en meer aangename mens teenoor sy medemens te wees.

## New requirements are set for '08 seniors

### Justin Shein

"'08, the class that will dominate" This was the message to the school at the beginning of the fourth term last year when the matrics of 2008 took over the leadership from their predecessors.

Grade 12 is always a tough year and this year has been no exception. Taking over as the senior class is a daunting task and always has its challenges.

When it comes to academics there are also many challenges, and the challenge presented to this year's matrics was definitely unique. For the first time this year the matrics are using the NCS syllabus, and a new syllabus always comes with new problems.

Although the matrics haven't done badly they have also not lived up to their predecessors when it comes to discipline, and their standards are starting to drop. "Generally the matrics started the year well

in terms of discipline and academics but deteriorated as the year went on." This is according to a teacher, mr. Gavin Goosen.

When you become the senior class, things change. It is up to you to set the example, it is up to you to lead the way and it is also dawns upon you that you need to obtain good marks, particularly in matric, as it is used for university entrance. So suddenly the matrics have to go to extra classes, adapt their schedules and at the same time not lose focus on their extramural activities; a tough thing to ask, but nothing new.

Almost all of the matrics feel that extra classes are vital to their academic progress, but some prefer to go to extra classes outside of the school "in order to get someone else's perspective on the work." The teachers do not mind their learners going for extra classes somewhere else, although the students tend to think that the teachers might perceive it as back-stabbing.



### VAKANSIE- WOONSTEL TE HUUR

#### VEILIGE KOMPLEKS -

3 slaapkamer, 2 badkamer,  
oopplan leefarea, volledig toegerus  
vir 6 mense, DSTV, gemeenskaplike  
swembad, toesluit motorhuis.

Asemrowende see-uitsig

oor Tafelberg

2 min stap (500m) tot op die strand  
20 min vanaf  
Waterfront & Tafelberg

Freda 082 8122 201  
[www.prop4u.co.za](http://www.prop4u.co.za)



**MANGAUNG EXCELLENT  
SHUTTLE**  
MOVING FORWARD

P.O. Box 2264  
Bloemfontein 9300

Cell: 072 630 6210  
Tel : 051 432 1211  
[info@mangaungexcellentshuttle.co.za](mailto:info@mangaungexcellentshuttle.co.za)



## Ideale voorbeeld

Martin Luther King het gesê: "The ultimate measure of a man is not where he stands in moments of comfort, but where he stands at times of challenge and controversy." Om mee te begin wil ek die eerste rugbyspan gelukwens. Aan die begin van die jaar het min mense hierdie span werklik 'n kans gegee, maar gedurende hierdie kwartaal het hulle werklik gewys wat in hulle steek. Dit is 'n baie goeie voorbeeld van wat by die skool gedoen kan word.


Nog 'n druk-besige kwartaal het verbygesnel. Oor die algemeen was dit 'n baie goeie kwartaal vir die skool. Op sportgebied is daar uitstekende prestasies gelewer. Veral die onderskeie eerstespanne het oral Grey se naam hoog gehou. Deur 'n uitstekende vertoning by die kultuuraand gedurende die interskool teen Affies het die Musiekdepartement van Grey weer bewys dat Grey nie net 'n sportskool is nie.

Om die regte ding te doen is een van Grey se trotse tradisies waarop ons steeds voortbou. Gedurende die afgelope kwartaal het mn. Volsteedt dit duidelik gemaak dat hier nie plek vir seuns is wat die res van die skool wil aftrek nie. Swaar strawwe is opgelê vir diegene wat die skool se naam in gedrang gebring het en voortaan sal moeilikhedmakers sonder skroom uitgewys word.

Elke seun behoort saam te werk om van Grey 'n beter plek te maak. Die skool bied talle geleenthede, maar tog is daar 'n klomp seuns wat dit eenvoudig nie benut nie. Die eerste rugbyspan behoort as inspirasie te dien vir enige span of groep wat sukses wil behaal, hetsy dit op kulturele- of sportgebied is. Deur vir mekaar te speel en saam te werk kan enige span hul doelwit bereik.

Dit is tyd om op te hou met negatiwiteit teenoor die skool en teenoor jouself. Slegs wanneer jy besef dat jy jou eie geluk moet bepaal kan jy 'n verskil maak en in jouself groei. Baie sterkte aan almal wat aan aktiwiteite deelneem dié vakansie.

Vive la Grey.




Die krake in jou eie huis se mure moet eers toegemessel word voordat jy kritiek op iemand anders se woonplek uitspreek.

of soos die Afrikaanse spreekwoord lui:

"Mense wat in glashuise woon, goo nie klippe nie."

## Goeie gedrag en karakter word raakgesien



### BRIEWE/MAIL

*[Illustration of a person writing a letter]*

'n Wysgeer het eenmaal gesê: "Karakter is soos die fondament onder 'n huis jy kan dit nie sien nie, maar dit hou die hele huis regop."

As 'n Grey-ma wil ek graag sê: Seuns, julle het karakter! Julle maak ons as Grey-ma's trots deur die hooflike manier waarop julle ons groet, opstaan wanneer ons bloot by julle verbyry op die skoolterrein en julle netjiese skooldrag wanneer ons julle in die stad of by sportbyeenkomste raakloop. Ja, julle is ware Grey

"gentlemen". Dit maak dit vir ons lekker om met Grey geassosieer te word.

Ek het egter ook 'n bekommernis in my hart, naamlik dat hierdie mooi tradisies van Grey verlore mag gaan met alles wat in ons tyd verander. Dus pleit ek vandag dat Grey sal vashou aan die besonderse tradisies wat hierdie skool so spesiaal maak, dat julle altyd as Grey "gentlemen" bekend sal staan en so sal help om hierdie "huis", Grey Kollege, regop te hou. Doe so voort!


'n Trotse ma

## Theisie wil eendag rugby speel n t vir geld

*Ulrich Carshagen gesels met die kaptein van die eerste rugbyspan*



Adriaan Theisinger, kaptein van die eerste rugbyspan en Ulrich Carshagen geniet 6 Cokes in die Fischer tuin.



### Gunstelinge:

*Quote:*  
You don't quit at half time 'cause you don't score 'till you don't score.

Kos:	Ma se kookkos
Flik:	300
Boek:	Harry Potter

op 'n rugbyveld nie, maar wat sal jy as jou swakste oomblik sien?

Die skeidsregter het een keer toe ek kaptein was vir my gevra wat my nommer is, toe gee ek my selfonnommer.

As jy moet kies: Rugbywedstryd op tv of 2 ure alleen saam jou meisie?

RUGBYWEDSTRYD!

Ek hoor jy het so baie byname?

Ja van die algemenes is maar 300, Andries, Danie Rossouw en my meisie se gunstelling, Pappa T.

## Redaksielys 2008

### KERNREDAKSIE

**Hoofredakteur:** Ulrich Carshagen

**Subredakteur:** Sport - Chris Mans

**Subredakteur:** Nuus - Wihan de Jager

**Subredakteur:** Diepte -

Maree Lambrechts

**Subredakteur:** Joernaal - Willem Boshoff

**Subredakteur:** Eindkontrole -

Johann du Preez

**Subredakteur:** Kultuur -

Franco Swart

### NUUS

Harry Vogel

### SPORT

Ken Sinclair

Nicolaas Pienaar

Juan Hugo

Paul Cloete

Nico Venter

Ricardo Barreto

William Small-Smith

Francois Venter

Hennie Prinsloo

Wimpie Greyvenstein

Henri Brummer

Christoff Odendaal

L han Bloemhoff

Marius Myburgh

### DIEPTE

Bruno Schwalbach

### KULTUUR

Jakobus Booyens

Justin Shein

Altus Moolman

Gerhard Nieuwoudt

Petri Claassen

### JOERNAAL

Paul Saaiman

### KUNSTENAARS

Johann du Preez

Edward Ellis

### FOTOGRAWE

Edrich Els

### 

Johann du Preez

Naud  Swart

Reitz Rabie

George Briedenhann

Jandr  Germishuizen

## Stabilis

Contact STABILIS at:  
P.O. Box 13001, Brandhof, 9324  
or e-mail: post@gc.co.za



# Reüniekomitee is druk besig met feesjaar-planne

*Na die Stigtingsvergadering in 1884 word daar nou gemik na 125 jaar*

## Reüniekantoor

Die Grey Kollege Nasionale Reüniekomitee het gedurende April sekerlik vir een van selsaamste gebeurtenisse in baie jare gesorg. Al die voorsitters van takke in Suid-Afrika het 'n vergadering in Bloemfontein bygewoon om die Reünie se belangte se bespreek.

Die Grey Kollege Reünie is gestig op 10 Mei 1884 met die uitsluitlike doel om die belangte van die skool te dien. Die Reünie poog om, waar nodig, 'n helpende hand uit te reik en spits hulle veral toe op spesiale projekte. Die eerste groot projek waarby die Reünie betrokke was, was sonder twyfel die oprigting van die Reüniesaal in 1929. Dié saal is vir die eerste keer in gebruik geneem in Julie 1929. Bykans al die stoele in die personeelkamer en die saal was boonop geskenk deur die oud-Greys. Finansiële bydraes is ook mildelik deur oud-Greys gelewer.

In 2000 het die Reünie die leiding geneem met die bou van die Galery in die Reüniesaal, sodat daar plek in die saal sou wees vir al die skool se leerders. Met die bou van die Grey Museumkompleks in 2005 het die Reüniekomitee weer stewige bydraes gelewer. Die komitee se kantore, op die eerste vloer van die Museumkompleks, word huidiglik verder opgegrader en gerieflif gemaak vir die besoek van oud-leerlinge.

Volgende jaar (2009) is vir die Grey Kollege Reünie 'n besondere mylpaal - dan is die Reünie 125 jaar oud. Die beplanning vir dié besondere jaar is nog in sy



Die Nasionale Reüniekomiteevergadering in Bloemfontein is bygewoon deur voorsitters van Reünietakte van regoor Suid-Afrika. Foto: Versaf

beginstadium, maar verskeie geleenthede word beplan om dié mylpaal te herdenk. Huidiglik is daar ongeveer 2 500 aktiewe lede, maar nog baie meer wat poog om op hoogte te bly met die aktiwiteit van die

skool en die Reünie. Daar word hard gewerk om die aantal ingeskreve lede verder te vermeerder.

Daar word ook gereeld gekyk na die uitbreiding van die Reünie. Behalwe vir die

takte dwarsoor Suid-Afrika, is daar ook takke in Australië, Nieu-Seeland, Engeland en die Verenigde State van Amerika. Die lyk seker dat die Reünie sal voortgaan met hul werk tot voordeel van die skool.



Daar is verskeie nuwe items by die Reüniekantoor beskikbaar. Dit sluit in: 'n Verscheidenheid wynhouers, 'n muis vir die rekenaar en braaitange. Foto: Versaf

## Vlieënier sterf in Colorado, Amerika

## Reüniekantoor

Gert Marais (1983) het tragies gesterf toe die vliegtuig, wat deur hom gebruik is in die blus van veldbrande, gevallen terwyl hy besig was met die uitvoering van sy pligte.

Op 16 April was hy besig om 'n brand in die omgewing van Fort Carson te beveg toe die ongeluk plaasgevind het. Gert het gewerk vir die Aero Applicatorsmaatskappy in Sterling en het normaalweg die Air Tractor 602 gevlieg. Hy het oor beide 'n kommersiële en vraglisensie beskik, volgens rekords van die Amerikaanse

Lugvaartadministrasie. Hy was boonop 'n gelisensieerde vliegtuig-werktuigkundige. Die owerhede gaan steeds voort om die ongeluk te ondersoek.

Gert (42) van Fort Benton, Montana, het onder kontrak van die Amerikaanse Bosboubedryf, gewerk. Die skool betuig sy simpatie met sy vrou, Esmé.

Die Nasionale Reüniekomitee het ook met leedwese kennis geneem van die afsterwe van die volgende twee oud-Greys: Mnr C.J. Wolmarans (1951) en Harold Keith Morgan (1934). Die komitee en die skool betuig hul meegevoel met die families.

**For membership payments:** Grey College Reunie, First National Bank, Acc no: 51711207477, Branch code: 230137 College Court.

**For memorabilia and ticket payments:** Grey College Reunie, ABSA, Acc no: 4059894626, Branch no: 632005 Brandwag

*Grey College Reunie Office, 1st Floor, Grey Museum Building, Tel: 051-4445799, Fax: 051-4443203, E-mail: reunie@greycollage.com, Web site: www.greycollage.com.*

## Old Grey's perform in all spheres

### Reunie Office

Prof. Laetus O.K. Lategan, currently Dean of Research and Development at the Central University of Technology (CUT), recently delivered his inaugural lecture as Professor Extraordinary at the University of the Free State in Bloemfontein.

His subject was "The truth falters on campus: The contribution of the Theological ethics to the search for a professional ethic in research". He emphasized the role of theological ethics in research development.

Ryan Lamb (2006) was one of eight individual prize winners in an international poetry competition, held in Italy. There were 1 210 entrants for the competition, hosted by The Association for Poetry and Solidarity. The competition was judged by thirty-six

judges, most of whom are professors, poets or qualified journalists. The theme of the forum was: Right to dialogue - the role of cultural associations, literature and art for the youth education in different regions of the world. Ryan started writing poetry when he was only 14 years old. In 2005, when he was 16 years old, he won a competition in South Africa for his poem: Remnants of Dust.

Mr. J.B. van den Berg (1990) was elected as Farmer of the Year by Free State Agriculture and Santam Agri. J.B., from Bothaville, will compete against eight other farmers to decide who will become the national Farmer of the Year. He has been a farmer for 12 years. He farms with maize (white and yellow), sunflowers, wheat, cattle and sheep.

## Supporter of Grey College



# We are banishing our discipline to the sewers

*Fantastic results do not compensate for wrecked trains and rotten behaviour*

Is it a bird or is it a plane? No, wait! It's Grey's discipline going down the drain. Don't worry matrics - I won't pick on you this time. This is addressed to the whole school, because the whole school is at fault.

A wise man told me not too long ago that if you take a thousand litres of excellent wine and add one liter of the best sewerage that you can find, the thousand litres of wine would be totally ruined. It's pretty obvious, but now I ask you, my small-minded friends - what will happen to all that wine if you add a hundred liters of sewerage? Because to be quite honest, there is a lot more sewerage in Grey than you might think. Sometimes it is necessary to speak the truth, the whole truth and nothing but the truth. This is one of those times.

It doesn't matter if the Affies bull got ridden like Sea-Biscuit or if Paarl got whipped, because the list of complaints was longer than the train that got destroyed on the way to Pretoria. It is normal for any school to have its ups and downs, but breaking one of last trains that we will ever have for an interschool is just stupid! The idiotic remarks that were made by some of the matrics on the station prove once again that the poor behaviour of a small group of boys can easily overshadow the great performance on the sports fields.

Speaking of performance on the sports fields, it is not like the u/14 teams have really made a mark. It seems that a small minority of the grade 8's really try to make a difference in their group. I don't

even want to go into the fact that many grade 8's do absolutely nothing (disrupting classes doesn't count). It is about time that the grade 8's decide for themselves what they want out of the school. Are they here to serve the school, or do they want the school to serve them? "Not gonna happen".

I didn't have a premonition as such, but looking at the dismal success rate of the u/14 teams and the rotten attitudes of the grade 8's I can only see them going nowhere

until they leave the school one day. I don't want to be rude and don't get me wrong, I'm actually a friendly dog, but for as long as my paw marks have been on the school grounds, I have never seen a worse group of grade 8 boys. Maybe it's just me, but I think you have those shocking attitudes to make you feel better about the feeble bunch that you are.

With a tear in my eye I have admit that



the ever shiny Grey apple is rotten to the core, because of boys who call themselves Grey gentlemen, but don't even know the meaning of the word. Where is the respect? Where is the unity? Where is the 'Grey guts'? How on earth can you throw someone else's belongings from a moving train? To be funny, perhaps? Who knows?

It is about time that people speak out against things that are wrong. The voice of

the silent majority has been silent for too long. The time for change is now, before it is too late.

Oh and speaking of train. I'm on my way. The Schneider will be taking a break for a while. So maybe one day, when you least expect it I will be back to pierce the hypocrisy that hangs over Grey College.

Love Schneider...

**making a success of life**  
**momentum**

You are running **out of time...**

Are you serious about your money? Do you have a financial plan? Get real and practical financial advice on the following:

- Risk planning
- Healthcare benefits
- Investment and education planning
- Pre-retirement planning
- Post retirement planning
- Debt and cash-flow management
- Asset protection (short-term insurance planning)
- Business insurance
- Employee benefits

Contact  
(051) 446 0631

Momentum is an Authorised Financial Services and Credit Provider. Licence 6406


## True greatness requires individual effort

Johann du Preez

Being successful means standing up time after time, no matter how many times you fall. Even the greatest among us fall from time to time, but the fact that they can find the strength to stand again is what makes them great. We all strive for greatness and success, but to be great requires individual effort. The same applies to Grey College; individual effort is needed to make us great.

One day when you look back at your time at Grey, what will you remember? You won't remember the vice-class captain or the second fastest kid in school, well, unless you were the vice-class captain or the second fastest kid in school. But that is beside the point. The fact is that, only the extraordinary people will survive the test of time in our hearts and memories. The same applies to Grey. If Grey is not the very best school in the entire existence of the universe, then we have not yet reached our goal. A bold statement? Maybe...

If you think that is a bold statement, think about the following. If you are the



second winner, it also means that you are the first loser... It is a strange, but truthful notion. It doesn't matter what you are good at - rugby, academics, and music or even under water bubble counting, as long as you strive to be the very best at it.

If you don't want Grey to be the best school in the world, you better pack your bags and find another school. If it doesn't make you proud to draw your Grey blazer over your shoulders, then nothing will.

I have only one last request. Stop wasting the precious oxygen in your surroundings and join the league of extraordinary gentlemen.

## Skattejag herleef op die silwerdoek

Edward Ellis

Flik: *Indiana Jones and the Kingdom of the*

*Crystal Skull*

Met: Harrison Ford, Cate Blanchett

Regisseur: Steven Spielberg

Ja-nee, hier gaan ons al weer.

Indiana Jones (Ford) is teen

hierdie tyd al 'n tawwe kêrel wat

wys dat senior burgers nie

terugstaan vir allerhande toertjies nie.

Sy missie is die opspoor van 'n

kristalkopbeen. Wel, dis omrent

die storie.

Daar is natuurlik weer die gewone pretbederwers, hierdie keer in die vorm van Russe, onder die leiding van die dominatrix



Spalko (Blanchett). Moenie vergeet van die bydrae van die 'aliens' in hul vlieënde pierings nie!

Die toneel in die pakhuis en die motorfiets-agtervolging is sekerlik die hoogtepunte. Die sinieste kyker sal hou van Indy se droë sin vir humor. Die aksieprent-liefhebber sou waarskynlik na meer aksie gesoek het. Wat natuurlik vir die vervaardigers belangrik is, is die loket en hier skiet hierdie flik nie tekort nie. Crystal Skull maak geld soos bossies. Die moete werd? Ja, ek sou tog so dink.

Indiana Jones and the Kingdom of the Crystal Skull verdien 7 uit 10.

# Kultuur kry 'n stewige vastrapplek in Pretoria

## Jaarlikse Grey en Affies-fees gee talent 'n geleentheid om na vore te kom

**Jakobus Booyen**

Hierdie jaar was die Potgieterkonsertsaal tjok-en-blok vol gepak, met ouers, seuns en

personeel van Grey en Affies. Die jaarlikse Kultuurfees het die gehoor laat besef dat ons kan sing en kan speel.

Mense dink dat Grey net kan rugby

speel, maar Grey het bewys dat kultuur ook vir ons lekker is. Hierdie jaar het al Grey se kultuurgroep die lang pad na Pretoria aangedurf nl: Die Grey-boereorkes, Grey-

ensemble, Grey-koor, Grey Band, Grey-orke, Indomitus, Debat en die Flinkdinkers. Affie-konsertorkes, Affie-ensemble, Affie-koor, A Mineure en Affie-simfonie-orke het die aand saam met ons geniet.

Die aand het begin met die Grey-boereorkes met die Halfjèk en Vastrap Keurspel, daarna was dit die Affie-konsertorkes met Cats en Grease. Die Grey-ensemble het 'n goeie merk gelos met hulle briljante Fields of Gold, die Grey-koor het puik Geelperskereën, Weeping en Splish Splash gesing, daarna was dit die Affie-ensemble met Hongaarse Rapsodie en Grey Band met The Mask of Zorro. Die Affie-koor het bewys hulle kan sing met Jin ga lyea, Areana, Kokomo en Ipi Tombi. Na die pouse het A Mineure For the Longest time en Vela gesing, Grey-orke met Medley of Super Heroes. En dan die hoogtepunt van die aand - Indomitus met The Lords Prayer, Blackbird en Beach Boys Medley, dit was uitstekend. Die aand was afgesluit deur die Affie-simfonie-orke met Light Cavalry Overture, March of the Siamese Children en Pirates of the Caribbean.

Mev. Lettie van Wyk sê dat die debatspanne baie goed teen mekaar meegeding het. Grey het hul besonder goed van hul taak gekwyf, Affies en Grey is albei goed op kultuurvlak, en dit is wonderlik om soveel talent onder seuns op een verhoog te aanskou. Hulle koor is die "Springbokkoor" waar Grey s'n meer eerstespan is. "But we'll get there," het mej. Elsa Herbst gesê.

Musiek is lekker en dit is 'n voorreg om in Grey soveel geleenthede te kan hê om aan kultuur deel te neem.



Die Grey Band het gesorg vir een van vele hoogtepunte by die Grey en Affies Kultuurfees.

Foto: Johann du Preez

## Ontembares ry kruin van golf

**Franco Swart**

Met die stigting van Indomitus, Grey se a capella seuns-sangensemble veertien jaar gelede, is daar 'n platform geskep waar Grey-seuns hul voorliefde vir sang kon uitleef.

Charl du Plessis, die stigter van Indomitus, het aanvanklik lede van die skoolkoor gekies om die destydse elite-sanggroep te begin. Op hierdie resep is daar voortgebou en is die 'a capella'-groep nou al 'n suksesresep sedert 1994.

Die voorloper van die Indomitus was die Equus-sanggroep wat nie die pyp kon rook nie. Charl het gemeen dat so iets moet voortbestaan en stig toe op eie inisiatief en sonder amptelike toestemming die Indomitus sanggroep. Hy sê: "Dir het 'n lang ruk geneem om deur die skool aanvaar te word. Dit was ook 'n uitdaging om 'a capella' (onbegeleid) te leer sing."

Hy het as skoolseun die meeste verwerkings self gedoen en het sy eie musieksmaak as verwysingsraamwerk gebruik om musiek te kies en te verwerk. "Ek was te eiewys om 'n tweede opinie te raadpleeg." Hierdie 'eiewysheid' van Charl is vandag nog die bloudruk van die Indomitus se sangstyl en keuse van hul

repertoire.

Die betekenis van die naam Indomitus is aan die meeste mense onbekend. Dit beteken baie toepaslik, "die ontembare" of "die onoorwinlike". Die naam het sy ontstaan gehad toe Le Roux Botha, een van die eerste lede, met die naam voren dag gekom en dit soos 'n handskoen die karakter en doelwitte van die groep onderskryf het.

Charl sê: "Ek het gehoop dat die groep wat ons sou volg, kon bou op dit wat musikaal as basis daar gestel was en dat dit sou groei in gewildheid. Ek is bly hulle het!" Dit blyk uit die feit dat die Indomitus tydens hierdie jaar se St. Andrew's/St. Michael's Eisteddfod 'n A+ simbool behaal het.

Hy meen dat die Indomitus in musiekkringe al 'n definitiewe geloofwaardigheid en status opgebou het. Deur lid van die sanggroep te wees, het baie interessante geleenthede die groep al te beurt gevall. So het hulle byvoorbeeld vir oud-president Nelson Mandela gesing toe by Grey in 1997 besoek het; 'n internasionale koorkompetisie in Zwickau, Duitsland gewen (2002);

was deel van die regstreekse TV-uitsending tydens Hansie se begrafnis en het daarna ook 'n CD gemaak waarop van die snitte wat hul tydens die geleenthed gesing het,

opgeneem is.

Die groep wat die beste gevaar het was die Indomitus met 'n A+++. Die uitslae van die Kunswedstryd was gevier met 'n Prestige-aand wat gereël was deur die musiekpersoneel en ander Grey-ouers. Dit was in die Eeuveessaal gehou, en ouers het die opvoerings van die aand geniet.

## Musici presteer in alle kategorieë

**Altus Moolman**

Die St. Michaels Kunswedstryd is elke jaar 'n groot hoogtepunt op die Grey Kollege-kultuurkalender.

Die seuns het nog altyd uitgeblink in hierdie belangrike geleenthed, en hierdie jaar was net weer bewys van die oneindige talent in ons musiekdepartement. Die kunswedstryd van die jaar was gedurende die laaste week in Mei.

In totaal was daar amper vyftig inskrywings in 'n groot verskeidenheid van

kategorieë. In geheel het die seuns ongelooflik goed gevaaar met die beste uitslae tot hede. Met vier B+'e, 17 A's, 19 A+'e en 11 A++'e, was Grey Kollege die skool met van die beste uitslae in die Vrystaat.

Die groep wat die beste gevaar het was die Indomitus met 'n A+++. Die uitslae van die Kunswedstryd was gevier met 'n Prestige-aand wat gereël was deur die musiekpersoneel en ander Grey-ouers. Dit was in die Eeuveessaal gehou, en ouers het die opvoerings van die aand geniet.



**ITEC**  
QUALITY PEOPLE, SMART DOCUMENT SOLUTIONS

Copy, Print, Scan, Fax, Telecoms, Intercoms,  
CCTV, Generators, Toner, Paper and Stationary.

ITEC Free State  
14 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein  
Tel: +27 51 446 2440  
Web: [www.itecgroup.co.za](http://www.itecgroup.co.za)

**Inspired.  
Motivated.  
Involved.**

 Standard Bank



# Maak die lyne nat vir 'n aandete sonder weerga

## *Ywerige hengelaars trotseer die ysige koue in die suidelike Drakensberge*

Johann du Preez

Die geleenthede by Grey is nimmereindigend. Daar is aktiwiteite om van te kies en keur; selfs vlieghengel is een van die sporte op Grey se spyskaart. As jy een van diegene is wat van berge, avontuur, ysige strome en 'n uitdaging hou, dan is vlieghengel net die sport vir jou.

Is vlieghengel 'n regte sport? Ja beslis, nes enige ander sport verg dit ook oefening, kennis, "skills" en heelwat deursettingsvermoë. Vanaf 9 tot 11 Mei het 'n groep van 5 Grey-skoliere (n.l. Joubert-Scaley-Coetzer, Esmond Pienaar, Johann du Preez, Steven Vorster en G.J. Steyn) saam met mnr. Herman Steyn van Shell Ultra City na Rhodes getoer om 'n paar forelle te gaan vang.

Hulle het in die donker van die vroeëoggend na Vrederus (die plaas waar daar tuis gegaan is) vertrek. Dit was net koelhouers, rugzakke, "gumboots" en vistokke waar jy kyk en die waentjie het maar swaar gesleep tot by Vrederus. Die omgewing het vinnig verander van die plat Vrystaat tot die berge en klowe van die suidelike Drakensberge in die Oos-Kaap.

Op die plaas Vrederus van mnr. Danie en mev. Juan-Marie Naudé, het hulle in 'n luukse 8-man klip-huisie gebly, waar hulle 'n goeie uitsig oor die 18- en 1,5 ha-damme gehad het. Hulle het skaars hul tasse afgepak of hulle was by die dam, besig om lyn te gooie.

Die sterk wind het dit vir almal moeilik gemaak om die vleie (die kunsaas) tot by die


visse te kon kry. Dit het die seuns se lyngootegnieke getoets en op die ou end was net mnr. Herman en G.J. Steyn met 'n vet forel elk, suksesvol gewees. Die aande by die vuur is daar stories en tegnieke uitgeruil voor die koue hulle tot binne-in die huis gedwing het.

Saterdagoggend het hulle die koue, helder water van die Lusi-rivier aangedurf en was baie suksesvol met 'n totaal van 58 forelle tussen die 6 van hulle. Met koue voete, nat klere, 6 visse vir aandete in 'n Spar-sak en die breedste 6 glimlagte wat in 'n lang tyd gesien is, is hulle terug in die Landrover teen die berg op.

Op pad terug het hulle 'n stop gemaak by die "Boarmans Chase"-gedeelte van die wêreldbekende rivier nl. die Bell-rivier. Die glashelder water het alle voornemende hengelaars se vermoëns tot die uiterste getoets. Hulle moes tevrede wees met 'n skamele 4 forelle in die twee-uur-lange visvangsessie.

Vlieghengel is voorwaar 'n verrykende en uitdagende ervaring wat vir enige persoon moontlik is. Die voorstitters (toerlede) van die klub is druk besig om die Grey-vlieghengelklub op die been te bring. As alles goed verloop sal die klub aan die begin van die derde kwartaal weer geopen word. Daar word reeds beplan aan 'n toer vir Grey-skoliere deur die loop van die derde kwartaal. Dit blyk dat daar heelwat belangstelling is.

Wie weet? Dalk swem daar binnekort weer 'n paar visse in die dam op die skoolgrond!



*G.J. Steyn is 'n ywerige vlieghengelaar en is al jare betrokke by die sportsoort. Hier sit hy met 'n reënboogforel.*

Foto: Johann du Preez

### IF THIS IS WHAT YOU EXPECT FROM YOUR SHORT-TERM INSURANCE, THEN PHONE OUTSURANCE.

#### What I want from my Insurer.

Low Premiums:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Awesome Service:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Fast Claims Settlement:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Low flat excess:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Free 24-hour Emergency assistance:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

If you are looking for car, household and business insurance that OUTperforms on all the levels that are important to you, OUTsurance is the insurer for you. Not only do we offer low premiums, our friendly and highly trained staff will also ensure that we cover all your short-term insurance needs.

**Don't delay. Phone OUTsurance today to experience hassle-free insurance cover.**

**OUT**  
SURANCE  
**08 600 60 000**

Please visit our website at [www.outsurance.co.za](http://www.outsurance.co.za)  
OUTsurance is an authorised financial services provider.



## Berei voor vir vir beter uitslae

Marius Myburgh

Mense dink dat jy net fiks en vinnig moet wees om goed te doen in sport. Dit is, uit die aard van die saak, 'n verkeerde siening.

Om goeie oog-, hand- en voetkoördinasie te hê is 'n groot bonus in 'n wedstryd. In sommige situasies is dit maak of breek. Jy moet ook nie net goeie oog-, hand- en voetkoördinasie hê nie, maar jy moet sielkundig reg en gefokus wees teen spanne soos Affies en Paul Roos. Daarom is daar aan die begin van die jaar oogtoetse en oefeninge gedoen om die skool se sport net 'n trappie hoër te plaas.

Die skool beskik boonop oor die dienste van 'n professionele sielkundige, mev. Esta Hattingh, wat bydra tot die sielkundige voorbereiding vir alle sport. Die oogtoetse en oefeninge word deur die programme van dr. Sherylle Calder aangebied.

Die naam van die program wat Sherylle Calder aanbied is die "Eyeball, visual performance skills programme". Daar

bestaan nie veel twyfel dat dié toetse wel effektiief is nie. Stabilis het 'n onderhoud met die eerstespan-stut, Stephanus Pretorius gevoer. Hy sê: "Die oogtoetse verbeter jou visie aansienlik en dit help jou om vinniger besluite te neem. Dit help veral in verdediging. Dit laat jou 'n wye visie skep waarin jy jou verdediging kan opskerp."

Die heelagter van die eerstespan, Riaan Britz, het die volgende aan Stabilis gesê, toe ons hom oor die sielkundige sessies gevra het: "Dit laat jou positief dink en skakel die foute uit." Tydens die sportsielkundigesessie stel mev. Hattingh al die spelers bekend aan psigiese voorbereiding.

Die eerste sessies is meestal inleidend en 'n oriëntasie van wat sy in die toekoms wil doen. Sy probeer al die wintersportsoorte betrek. "Die seuns geniet dit, veral die ontspanningsterapie-sessie. Omrede dit 'n nuwe konsep is, sal die tyd leer hoe geslaagd dit is", het mev. Hattingh aan Stabilis gesê. Blootstelling aan 'n aspek soos psigiese voorbereiding prikkel die seuns se belangstelling.

## Eerste rugbyspan slaag Affies-toets

Juan Hugo

Die interskole kragmeting teen Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria het aan die einde van die tweede kwartaal plaasgevind.

Op die hoofveld het die o/16A's en Playboys die skaal na die nederlae van die o/14 en o/15 A's weer bietjie laat balanseer. Affies slaag egter weer met twee lelike opstoppers deur met die Peaches en Cherries af te reken. Toe is dit tyd vir die groot kanonne! Na ongeveer 10 minute en twee vinnige drieë is Affies 12-0 voor! Rustyd breek aan met Affies steeds 12-10 voor maar is dit slegs te danke aan verbete verdediging.

In die tweede helfte is daar danksy die stewige basis wat die voorspelers lê net een span. Grey druk drie drieë sonder dat Affies weer 'n punt aanteken vir 'n eindtelling van

31-12. Al die voorspelers, asook Franna du Toit (losskakel) en Piet Lindeque (senter) in die agterlyn, verdien vermelding.

Mnr. Dries van der Wal is gevra oor die voorspelers se vertoning teen die swaarder en hoogaangeskrewe Affie-agtal. Sy kommentaar is dat Affies nog altyd groot voorspelers het, maar dat hulle deur die beweeglicher Grey-voorspelers uitoorlê is. Of hy nie dink dat die telling Affies op die einde vlei nie, antwoord hy: "Kom ons bly nederig en sê net: dit was 'n goeie wen."

Volgens Dirk van der Spuy (eerste hokkiespan) het almal goed gespeel in die 6-0 oorwinning. Hy reken dat die telling maklik dubbelsyfers kon haal, indien hulle skerper in die korthoeokies was. Die Affie doelwagter het 'n uitstekende vertoning gelewer.

# Onoorwonne begin hou belofte in

## Hokkiespanne presteer puik in verskeie toernooie landwyd

**Léhan Bloemhoff**

Geskiedkundiges beweer dat die spel, wat vandag as hokkie bekend staan, reeds voor die geboorte van Christus beoefen is. 'n Vierduisend jaar-oue tekening, wat in 'n graf in Beni-Hasen in die Nylvallei van Egipte voorkom, beeld mans uit wat die spel speel. Dié spel is veldhokkie, wat sedert 1908 'n olimpiese sport is en waarin Grey tans uitblink.

Tydens die Easter Festival in Johannesburg behaal Grey se eerstespan die uitsonderlike prestasie om die toernooi onoorwonne af te sluit. Hulle klop Wynberg Boys High 2-0, King Edward VII School (KES) 2-1, St. Johns College 5-0, SACS 8-0 en speel gelykop teen Jeppe Boys High 2-2. Die oorwinning oor KES word dan ook deur mnr. Koos Cronjé, die spanbestuurder, as "besonders" beskryf.

Die tweede hokkiespan, beter bekend as die 'Chillies', het aan die Affies Hokkiefees in Pretoria deelgeneem. Ten spyte van die feit dat hulle teen die eerstespanne van die deelnemende skole speel, slaag hulle ook daarin om die toernooi onoorwonne af te sluit. Hulle klop Ermelo 6-0, Ellisras 7-0, Phalaborwa 8-0, Ben Vorster 5-0, Kemptonpark 9-0, Affies o/16A 6-0 en Affies 3-2.

Die o/16A-span, asook die o/14A-span, het aan die Nomads-toernooie deelgeneem by onderskeidelik Jeppe Boys High in Johannesburg en Maritzburg College in Pietermaritzburg. Die o/16A-span na-aap die senior spanne en keer ook onoorwonne terug. Hulle klop Krugersdorp



Arthur Woolls wag vir 'n 'short corner'.

Foto: Reitz Rabie

7-1, King Edward VII School (KES) 1-0, St. Johns College 2-0, Jeppe Boys High 6-0 en speel gelykop teen Pretoria Boys High 0-0. Die o/14A-span het ook goed gevaa in hulle vyf wedstryde. Hulle wen drie, verloor een en speel een gelykop. Hulle klop Jeppe Boys

High 7-0, St. Johns College 5-0, Pretoria Boys High 3-2, verloor teen St. Albans 1-0 en speel gelykop teen KES 2-2. Mnr. Gawie Grobbelaar, o/14A-span se afrigter, sê: "Harde werk lê voor, maar ek dink die spelers is gretig om hul spel te verbeter."

## Busse kry spanne nie onder nie

**Ken Sinclair**

Soos jaarliks die gewoonte is, het meer as 600 Grey-'gentlemen' die pad Paarl toe aangedurf. Al wat die interskool verskillend as vorige jare gemaak het, is dat die trein met busse vervang is. Trokke was beskikbaar, maar geen lokomotief kon vir die naweek vrygestel word nie.

Die oggend van die 9de Mei het dertien busse na Paarl Boys High vertrek, met die uitsondering van die eerste rugbyspan wat die vorige oggend vertrek het.

Die Grey-gees was beslis nie belemmer nie en die stryd tussen die Grey Kollege- en Paarl Boys High-manne is met groot passie uitgespook. Die eerste hokkiespan het met 6 doele teenoor nul geseëvier. Die meeste hokkiespanne (o/14 - o/19) het gewen. Dit wys net watter talent daar op Grey se hokkievelde is.

Nat, koue weer het die Grey-manne, veral in die rugbydepartment, onkant gevang omdat dit nog somerweer in Bloemfontein was die oggend wat die busse vertrek het. Die jaarlikse interskool teen

Paarl Boys High is deur die jare as een van die hardstes in die seisoen bestempel. 2008 was geen uitsondering nie.

Die o/14-rugbyspanne het harde bene gekou en het nie daarin daarin geslaag om 'n enkele wedstryd te wen nie. Die bogenoemde nederlae mag 'n wanpersepsie skep, want elke o/14-span het tot die einde teruggeveng en alles gegee.

Die Cherries en Peaches het elk met net 'n enkele punt verloor. In albei die bogenoemde wedstryde is skouspelagtige rugby opgelewer en die spelers het mekaar die volle wedstryd met valkoë dopgehou.

Van die afskop af het Grey se eerstespan die hef in die hand gehad. Drie uitsonderlike drieë is onder andere deur Ernst Dinkelmann (2) en Jean Cook gedruk. Die span van Paarl het sterk teruggeveng en die halftydelling was 17-12 in die guns van Grey. Soos gewoonlik het die eerstespan van Grey Kollege "guts" gewys en die eerstespan van Paarl Boys High met 34 punte teenoor 24 geklop.

Oor die algemeen was die naweek 'n sukses vir Grey.

## Strafdoele skei die koring van die kaf

**Henri Brummer**

Die jaarlikse Ravan Fernandes sokker-toernooi het hierdie jaar weereens by Benoni Hoërskool in Benoni plaasgevind.

Die toernooi het in die Aprilvakansie plaasgevind en die spelers het op die 7de April vol entoesiasme vertrek. Ander skole wat bevoorde genoeg was om na die toernooi uitgenooi te word was o.a. Prince Edward van Zimbabwe, 'n hele aantal skole van Gauteng en dan ook Grey en Brebner van Bloemfontein. Volgens mnr. Ludwig Koekemoer was die span se gedrag uitstekend en spangees het hooggeloop.

Grey het op 'n relatiewe gematigde noot begin deur in drie van hulle wedstryde

glykop te speel, maar het teruggekom en het hulle laaste wedstryd met 'n telling van 4-2 gewen.

Die kaptein Lekhaba Kaphe was gedwing om op te hou speel en kon na een van hierdie wedstryde nie meer deelneem a.g.v 'n besering nie. Sy kapteinskap was deur Leaveil Ward oorgeneem en hy moes die span deur die kwartefindronde lei. Strafdoele was nodig om Grey en Willowmore High van mekaar te skei.

In dié angswekkende oomblikke moes Grey ongelukkig, nes die Britse sokkerspan Chelsea in die finaal van die Champions League-finaal, die stryd gewonne gee met strafdoele. Die toernooi is uiteindelik deur Brebner High School gewen.



**Interskool teen Selborne**

Rugby			
Eerstespan	wen	38-16	
Cherries	wen	27-18	
Derdespan	wen	62-6	
O/16A	wen	99-0	
O/15A	wen	26-10	
O/14A	wen	51-0	

Hokkie			
Eerstespan	glykop	3-3	
Tweedespan	verloor	0-2	
Derdespan	verloor	0-2	
O/16A	verloor	2-6	
O/16B	wen	6-1	
O/14A	wen	3-1	
O/14B	glykop	1-1	

Tennis			
Eerstespan	wen	8-1	
Tweedespan	wen	9-0	
Juniors	verloor	0-9	

Muurbal			
Seniors	wen	5-1	
Juniors	verloor	1-5	





**Grey College Secondary**  
is proudly supported by  
**KFC Bloemfontein**  
**(Nelson Mandela St.)**

**051-447 5500**

**FINGER LICKIN' GOOD**



Official sponsor  
of Grey Sport



# Stabilis SPORT

Web page: [www.gc.co.za/stabilis](http://www.gc.co.za/stabilis)



Grey College

June 2008

Page 12

## Eerstespan wys vroeg tandé

*Verskeie rugbyspanne onderneem suksesvolle toere gedurende die vakansie*

William Small-Smith

"Hardloop reguit en hou altyd die 'blind' dop" - wyse advies, komende van Johan Swanepoel, haker van die eerste rugbyspan, aan die seuns wat Grey op die rugbyveld verteenwoordig.

Die eerste rugbyspan het gedurende die Maart-vakansie, soos gebruiklik, aan die St. John's Rugbyfees in Johannesburg deelgeneem. Hulle het uitstekend presteer deur die toernooi onoorwonne af te sluit. Met die nuwe reëls, wat Grey se tipe rugby soos 'n handskoon pas, sowel as die feit dat die eerstespan nou oor 'n permanente stel vars reserwes beskik, het hulle behoorlik amok gemaak in Johannesburg.

"Die nuwe reëls maak die spel baie vinniger en die totale speeltyd is meer; so die vars spelers wat gedurende die tweede helfte opkom help beslis om die knoop deur te haak," sê mnr. Ingo Machts, afrigter van die eerstespan. Dié sisteem van twee-en-twintig spelers is uit verskeie oorde gekritiseer, maar tot dusver is dit as 'n baie suksesvolle stap bewys.

Tydens die toernooi het hulle gemaklike oorwinnings oor die Hoëskool Linden en Windhoek behaal en in die hoofwedstryd teen Monument 16-14 gewen. In die afwesigheid van mnr. Jaco Swanepoel, wat by die Shimplas aangesluit het, het mnr. Hein Vosloo ingetree en 'n groot bydrae op alle terreine gelewer.

"Mnr. Vosloo het 'n klomp nuwe idees ingebring en voeg groot waarde toe tot die span," sê mnr. Machts. Daar is huidiglik 'n redelike groot groep graad 11's in die groep. Die hoop is dat hulle die kern sal vorm van die span wat in April 2009 moontlik na Ierland gaan toer.

Terwyl die eerste rugbyspan op die Hoëveld gedomineer het, het die onder 16's na Paarl gereis om daar aan Paarl Gimnasium se jaarlikse toernooi deel te neem. Hierdie toernooi sou besonder wees, want dit was ook die herdenking van Paarl Gimnasium se 150ste bestaansjaar.

Die rugbytoernooi is al reeds vir sestien



Callie Wegner, uithalerslot van die Cherries, maak gereed om die bal te ontvang.

Foto: Reitz Rabie

jaar een van die hoogtepunte van hul jaarprogram. Die Grey-span het rugby uit die boonste rakke gespeel en is aan die einde van die toernooi aangewys as die span wat die mees aanskoulike spel gelewer het.

"Ons as afrigters was trots op die Grey-seuns op en af van die rugbyveld," sê mnr. Roelf Meyer, afrigter. Hy sê verder: "Dit is altyd 'n voorreg om met sulke Grey-seuns te werk."

Hul wedstryde was teen onderskeidelik Waterkloof Hoëskool, Monument en HTS Middelburg en die span het al drie wedstryde

redelik maklik gewen. "Al het dinge, soos hoe ons truie, lyk 'n bietjie wrywing veroorsaak, het ons steeds soos 'n rots saamgestaan," sê Nicol Linde, skrumskakel.

'n Gebed na een van die wedstryde deur Cobus Nel, waar hy sê: "ons staan nie net hier as vriende en spanlede nie, maar ook as broers," sê alles oor die spanlede se gesindheid jeens mekaar.

Die onder 14's het die vakansie na Pietermaritzburg gereis waar hulle aan Maritzburg College se jaarlikse toernooi deelgeneem het. Hulle het wedstryde

gespeel teen Zwartkops van Pretoria, Westville van Durban en St Benedict's van Johannesburg.

Hulle het al drie dié wedstryde met gemak gewen. "Ons doel vanjaar is om elke speler sover moontlik tot 'n meer afgeronde rugbyspeler te ontwikkel, nie net fisies en vaardigheidsgewys nie, maar ook geestelik," sê mnr. Pieter Wessels, afrigter. Hy voeg by: "Dit is sekere jare makliker as ander, maar slegs diegene wat aanhou veg, sal uiteindelik bo uitkom. Daar is reeds baie vordering te bespeur."

## Tennisspan bevestig hul posisie as een van die beste in SA

Hennie Prinsloo

Grey is nog altyd een van die top tennisskole in Suid-Afrika en hierdie jaar is geen uitsondering nie.

Die eerstespan het keer op keer die skool se naam hoog gehou by groot toernooie en is gekomplimenteer vir die gehalte tennis wat hulle speel asook hulle gedrag op en af van die baan af. Hulle het tot in die semi-finaal gekom in 'n toernooi by Kearsney College, waar hulle teen Paul

Roos verloor het om derde te eindig. Later het hulle in die Gerrie Berner-toernooi by Paul Roos deelgeneem waar hulle vyfde geëindig het.

In die jaarlikse interskole het hulle teen Hoër Jongenskool Paarl (9-0) gewen, Affies (3-6) verloor en vir Selborne College (8-1) gewen. Mnr. Naresh Mahabeer, onderwyser aan Grey en tennis-afrigter, het gesê: "Die gehalte van die tennis wat sover gespeel is was baie hoog, ons sit met 'n baie sterk eerstespan die jaar en as ons aanhou hard

werk kan ons die res van die toernooie en interskole waaraan ons gaan deelneem wen."

Met die stigting van die sportinstituut by Grey het die tennisspelers nou meer fasiliteite en hulpmiddels tot hulle beskikking. Die eerstespan en baie ander spelers kry buite-afrigting van onder andere Gustav Fichardt en het toegang tot Sheryll Calder se wêreldbekende "eye-ball" oefeninge.

Mnr. Mahabeer het gesê: "In die

vakansies neem baie van die spelers aan toernooie buite die skool deel wat noodsaklik is om ondervinding op te doen en hulle skerp te hou." Daar is wel 'n bietjie kommer oor die tekort aan gr.8-tennisspelers, 'n probleem wat hopelik met behulp van die instituut en nodige aandag aangespreek kan word.

Die jaar se tennisverpligtinge is nog ver van klaar en almal wag om te sien of die spelers die jaar op 'n hoë noot teen Paul Roos kan afsluit.



**PROUD SUPPORTER OF GREY RUGBY**